***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (45/23)***
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 10 November 2023*

***"Knowledge isn't free. You have to pay attention" Prof Richard Feynman***

## SPRINGBOK WÊRELDBEKER-WENSPANNE

Laat ons toe om vir nog 'n week die glorie van die Springbokke se Wêreldbeker-oorwinning te koester, met 'n vinnige vasvra. Slegs drie Suid-Afrikaanse skole het ten minste een verteenwoordiger in elk van die seëvierende Springbok Wêreldbeker-groepe gehad (1995, 2007, 2019 en 2023). Kan jy die skole noem? Stuur antwoorde na justchad@iafrica.com.

## SONKRAG VRAELYS

CGA wil graag die uitdagings en suksesverhale van sonkrag-installasies op sitrusplase/pakhuise beter verstaan, om sodoende produsente te probeer help. In die lig hiervan het ons 'n vraelys geskep. Kan julle asseblief hierdie 10 vrae beantwoord deur die skakel te gebruik (kopieer en plak die skakel in jou soek-enjin):


https://survey.zohopublic.com/zs/yECNqI

Terugvoer teen Woensdag, **15 November**, sal waardeer word.

## SUID-AFRIKA SE SITRUSSKATTINGS

'n Onlangse artikel in Fresh Plaza (2 November 2023) het my oog gevang. Dit was deur 'n organisasie, genaamd Sensonomic, en het na die betroubaarheid van die CGA Suider-Afrika se sitrusskatting gekyk – en dit met ander kommoditeite vergelyk. In hierdie artikel sê dr Adam Formica van Sensonomic dat "*Despite their importance, the reliability of crop estimates is not always well understood*".

Die Variëteitsfokusgroepe kan baie trots wees op hul skattings, en die verbeterings daarvan oor tyd.




Die artikel wys daarop dat baie faktore wat moeilik is om te voorspel, kan veroorsaak dat die werklike oes van die skatting afwyk. Ongunstige weer, logistieke probleme of veranderende regulasies word aangehaal.

Alhoewel ander modelle vir skattings genoem word, moet die koste van hierdie metodes opgeweeg word teen die voordeel van verhoogde akkuraatheid.

| | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Pomelo's** | 2% | 8% | 1% | -9% | -15% | -14% | -7% | 6% | 12% | -1% | 11% |
| **Sagte sitrus** | 1% | 9% | Korrek | 14% | Korrek | 3% | 10% | -1% | 9% | 1% | 3% |
| **Suurlemoene** | -16% | 8% | -6% | -9% | -6% | -5% | 8% | 10% | -7% | 7% | -4% |
| **Nawels** | -8% | 11% | -6% | -8% | 7% | 2% | 1% | -3% | 6% | -20% | 4% |
| **Valencias** | -3% | 12% | -11% | -3% | -1% | 6% | Korrek | 5% | -11% | 7% | Korrek |
| **TOTAAL** | -5% | 10% | -7% | -5% | -1% | 5% | 1% | 4% | -2% | Korrek | 2% |

| | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Pomelo's** | -11% | -7% | -3% | Korrek | 2% |
| **Sagte sitrus** | Korrek | 2% | 1% | -8% | 11% |
| **Suurlemoene** | Korrek | 8% | 3% | 7% | -5% |
| **Nawels** | -10% | -2% | 3% | -3% | -2% |
| **Valencias** | -12% | 4% | 5% | -8% | -4% |
| **TOTAAL** | -8% | 2% | 1% | -3% | Korrek |

Die CGA het 'n doelwit van 'n skattingsfout onder 10% (oranje); verkieslik onder 5% (groen). Die tabel toon dat die Variëteitsfokusgroepe in 'n groot mate hierdie doelwit bereik het. Dit is 'n merkwaardige prestasie as in ag geneem word dat die skatting in Maart voorberei word voordat die oes begin.

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS'***